## Redaksioneel

Om 'n aantal redes, waaronder professor Page se aftrede een van die belangrikstes is, het die Departement se Tydskrif vir 'n kort rukkie ongelukkig nie verskyn nie. Hopelik sal dit van nou af soos voorheen moontlik wees om dit op 'n gereelde twee maal per jaar basis uit te gee.

Ons gewone lesers sal oplet dat die Tydskrif 'n paar veranderinge ondergaan het, in die besonder met betrekking tot die naam. Hierdie verandering impliseer nie enige fundamentele afwyking van beleid nie; dit is eerder 'n verstelling wat die aard van die Tydskrif soos dit oor die jare ontwikkel het meer korrek weerspieël. Omdat beide die funksie en die doel van die Tydskrif onveranderd bly is dit besluit om die nommersisteem te behou en dus sal die nommers volg op die vorige uitgawe van die Tydskrif.

Die doelwit van die Tydskrif is om 'n forum te skep vir die stelling van sieninge en om bespreking aan te moedig oor aangeleenthede rakend stads- en streekbeplanning. Alhoewel vorige bydraes grootliks vanuit die geledere van die akademici en navorsers gekom het, iets wat ons steeds graag wil aanmoedig, wil ek nogtans 'n beroep op die praktisyns doen om meer aktief deel te neem. Hierdeur kan daardie rykdom van praktiese ondervinding wat grootliks "onafgetap" is, bekend gemaak word. Die waarde van 'n artikel lê nie in sy lengte nie maar in sy inhoud en ek wil praktisyns dus versoek om materiaal voor te lê, hetsy in die vorm van kort artikels of selfs notas gebaseer op hulle praktiese ondervinding, vir publikasie in die Tydskrif. Hierdeur sal die hele basis van die Tydskrif verbreed word en praktisyns en akademici sal albei die voordeel trek.

Ek wil graag hierdie geleentheid gebruik om professor Danie Page geluk te wens, eerstens vir die inisiëring van hierdie Tydskrif en tweedens vir die standaard wat die Tydskrif oor die jare gehandhaaf het. Hierdie kan grootliks toegeskryf word aan die tyd en energie wat hy persoonlik aan die Tydskrif bestee het: om daardeur die voortbestaan van die Tydskrif te verseker. Ek wil hom ook graag alles van die beste vir sy aftrede toewens: 'n tydperk waar hy, soos ek vermoed, net so bedrywig as voorheen sal wees, indien nie meer nie.

*C. TOD WELCH*

## Editorial

For a number of reasons, one of the foremost being Professor Page's retirement from the University, the Department's Journal has regretfully been languishing for a while. However, it is hoped that from now on we will be able to publish the Journal, as in the past, on a regular twice yearly basis.

Our regular readers will notice that the Journal has undergone certain changes, particularly with respect to the name. This change does not imply any fundamental change in policy; it is rather an adjustment to reflect more accurately the nature of the Journal as it has evolved over the years. As both the purpose and objectives of the Journal remain basically unchanged it was decided to retain the numbering system and hence the numbers will follow on sequentially from the previous issue of the Journal.

The objective of the Journal is to provide a forum for the airing of views and for discussion on all matters pertaining to town and regional planning. Although past contributions have tended to come from academics and researchers and hence favoured the more theoretical or academic side of planning, which we naturally shall encourage, I would however like to appeal to practitioners to participate more actively by publishing that wealth of valuable practical information and experience which is as yet largely untapped. The value of an article is not in its length but in its content and I would therefore ask practitioners to submit material, whether in the form of short articles or even notes based on their practical experience, for inclusion in the Journal. In this way the base of the Journal will be broadened and practitioners and academics alike will reap the benefits.

I would like to take this opportunity to congratulate Professor Danie Page, firstly on having initiated this Journal and secondly on the standard the Journal has maintained over the years. This is in no small measure due to the time and energy he has personally devoted to the Journal: thereby ensuring its continued existence. I would also like to wish him everything of the best for his retirement: a period during which, I suspect, he will be just as, if not more productive than before.

*C. TOD WELCH*